



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. 8 Mei 2022

Vanoggend

Skrifgedeelte: Joh 21:1-19

Tema: Tyd met Jesus, tyd vir mekaar

Ons Program

Vandag: Moedersdag

- **Formele Erediens** om 9:30 (kerk) en 11:00 (Ons Woning) olv ds. Jaco
- **Sondagskool & Kategese**
- **Deuroffer:** Fonds vir Vrouelidmate
- Vrouebediening **Dankbaarheidsbotteltjies** word ingegee

Vrydag 13 Mei

- **Manne-aand** by Karibu Gastehuis om 18:00. Spit-ete @R150 pp. Skakel 076 128 6998 vir meer inligting.

Sondag 15 Mei

- **Formele Erediens** om 9:30 (kerk) en 11:00 (Ons Woning) olv ds. Jaco
- **Sondagskool & Kategese**
- **Deuroffer:** Gemeente Ondersteuning 2



Donderdag 26 Mei: Hemelvaart

- Ons het 'n gesamentlike **Hemelvaartdiens** om 18:00 in die Gereformeerde Kerk olv ds Jaco. Hulle nooi ons om ná die diens 'n koppie tee by hulle te geniet.

29 Mei tot 2 Junie: Pinksterbidure

- Vanjaar se **Pinksterbidure** is van Sondag 29 Mei tot Donderdag 2 Junie, elke aand om 18:00. Ons gaan vanjaar enkele gedeeltes uit die boek

Openbaring lees.

Ons Bybellees-program

Ons lees die boek **Efesiërs**. Vandag is dit Efesiërs 5.



Lief & Leed

Baie geluk

Hendrik en Amanda Strydom se seun Johan is verlede naweek getroud.

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week. Baie geluk! Mag dit 'n jaar vol van die Here se seëninge en genade vir elkeen van julle wees.

Mei

- 9 Ina Henning
- 10 Maryke van Loggerenberg
- 11 **Gert van der Merwe (80j)**
- 12 Willem Naudé
- 13 Duan Odendal



Voorbidding

- Johnny Small (kry tans bestraling in die hospitaal)
- Alta Grobbelaar se jongste suster is oorlede
- Anita Wagner se broer is oorlede
- die mense van KwaZulu-Natal
- die erge droogte in Nelson Mandelabaai en Kouga munisipaliteit (dorpe soos Humansdorp en Jeffreysbaai)
- die mense van Oekraïne



Die gemeente se Webwerf en Facebook blad

Op die oomblik hanteer ds.Jaco die Webwerf en Elmien Thom die Facebook blad. Ons wil hoor of daar enige persoon in die gemeente is wat sal belangstel om



dit Desember oor te neem. Indien u sou belangstel, skakel asseblief die kerkkantoor 053 574 0279. Ons wil so gou moontlik reëlings begin tref om die persoon touwys te maak.

Ruach Musiekbediening

Ruach nooi mense wat belangstel om deel van die begeleiersgroep te word, uit om die leier, John John van Niekerk, te kontak. Hulle het 'n behoefte aan meer instrumentaliste en ook nog sangers. Skakel hom by 072 402 2550.



Die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO)

TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS (TOIBO)
Dunburgweg 174, Hillcrest Pretoria 0083 T: 012-362 0660 E: info@toibo.co.za NPO: 001-397 FBO: 130001311

PROJEK SKOOLSKOEN

PROJEK WARMLYFIE

Projek Volmagie

transoranjieskool
sonitusskool
winshoekskool
marthe du Plessiskool
marstede-skool

703

WINTER

Wys u omgee

TOIBO het 'n paar projekte waarmee hulle besig is om kinders te help.

Hulle is tans besig met projek Volmagie. Indien u 'n bydrae kan maak sal dit vir hulle baie beteken.

TOIBO
ABSA
020 840 145

Spesiaal op Moedersdag

Ma – Antjie Krog

Ma, ek skryf vir jou 'n gedig
sonder fênsie leestekens
sonder woorde wat rym
sonder bywoorde
net sommer
'n kaalvoet gedig -
want jy maak my groot
in jou krom klein handjies
jy beitel my met jou swart oë
en spits woorde
jy draai jou leiklipkop
jy lag en breek my tente op
maar jy offer my elke aand
vir jou Here God.
jou moesie-oor is my enigste telefoon
jou huis my enigste bybel
jou naam my breekwater teen die lewe
ek is so jammer mamma
dat ek nie is
wat ek graag vir jou wil wees nie.



Leraar: **Jaco Thom** 084 523 1157 jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Kantoor: **Madette Lombaard** 053 574 0279 ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis: **Elmien Thom** 084 562 3434 elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster: **Annamarie Dercksen** 072 499 4262 annamarie.dercksen@yahoo.com
Webwerf www.ngkerkpetrusburg.co.za facebook [NG Kerk Petrusburg](https://www.facebook.com/NGKerkPetrusburg)
Kantoorure Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00
Bankrekening ABSA Tjekrekening 2610580001